PAROW PANORAMA

God roep ons › God stuur ons

# QUATTRO

Januarie – Maart 2020

Rembrandtsingel 14, Panorama, Parow 7500 021 930 3100

# *Veels geluk* Parow-Panorama

Op Sondag 1 Maart was ons gemeente 45 jaar oud. Hierdie verjaarsdag het waarskynlik vir baie ongesiens verbygegaan, maar nie vir die God wat ons al vir soveel jare in die gemeente aanbid en dien nie.

Hierdie uitgawe van die *Quattro* is dan ook ons spesiale verjaarsdag-uitgawe en ons wens vir elke gemeentelid van Parow-Panorama is dat elke dag gevul sal wees met die warmte van die son, die geluk van glimlagte, die klank van lag, die gevoel van liefde en die deel van goeie moed.

Ons wil elkeen bedank wat oor die jare hier betrokke was, steeds is en nog gaan wees. Julle bydraes het hierdie gemeente gevorm en gemaak wat dit vandag is.

Mag elke gemeentelid oorvloedige seën ervaar en mag hierdie seëninge julle naaste bereik. Ons wens is dat elkeen die Here se wil sal hoor en sal saamwerk om Sy koninkryk in Panorama uit te brei.

Veels geluk Parow-Panorama!

# Lydenstyd en Vas

- Jaco Thom




Lydenstyd is die oudste kerklike fees, en het al in die vroegste eeue ontstaan. Dit is ’n reis van 40 dae, na aanleiding van Jesus se vastyd in die woestyn aan die begin van sy openbare bediening, wat vir Hom ’n tyd van toewyding en voorbereiding vir sy taak was. Hierin het die kerk Hom gevolg. Maar omdat Sondag die opstandingsdag van die Here is, het baie gevoel ons kan nie op die Sondag vas nie. Daarom word die Sondae uit die vastyd gehou, en begin die vastyd 46 dae voor Paasfees, dws 40 dae plus die 6 Sondae, van Aswoensdag tot Stil Donderdag. Ons noem dit *Lydenstyd*. Dit skep die idee van swaarmoedigheid, maar in Europa, waar die fees ontstaan het, is dit nou lente; die fees word ook *Lent* genoem. Lente is ’n tyd van herontwaking en vernuwing, en dít is waaroor hierdie vastyd gaan: Dis ’n innerlike reis van vernuwing in jou geloof, in jou verhouding met die Here Jesus, in jou navolging. Dis nie ’n tyd vir hangskouers nie, maar van nuwe oorgawe aan God, nuwe toewyding.

As ons in die Suidelike Halfrond die jaargety en Lydenstyd by mekaar wil uitbring, kan ons ook sê: Ons is in die *herfs*. Die natuur word in dié seisoen gestroop van alles wat onnodig is. So is Lydenstyd ook ’n stroop van alles wat onnodige bagasie in ons lewe is, sodat ons ligter kan reis agter die Here Jesus aan.

**NP van Wyk Louw het dit treffend raakgevat in sy sonnet “Vroegherfs” (uit *Vier gebede by jaargetye in die Boland*):**

*Die jaar word ryp in goue akkerblare,*
*in wingerd wat verbruin, en witter lug*
*wat daglank van die nuwe wind en klare*
*son deurspoel word; elke blom word vrug,*
*tot selfs die traagstes; en die eerste blare val*
*so stilweg in die rook-vaal bos en laan,*
*dat die takke van die lang populiere al*
*teen elke ligte môre witter staan.*
*O Heer, laat hierdie dae heilig word:*
*laat alles val wat pronk en sieraad was*
*of enkel jeug, en vér was van die pyn;*
*laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort*
*my waan, tot al die hoogheid eindelik vas*
*en nakend uit my teerder jeug verskyn.*

Hal Elrod skryf in sy boek "The Miracle Morning" in hierdie selfde trant: *Let today be the day you give up who you've been for who you can become.*

Die naaste hieraan as 'n Bybelteks is seker Joh 3:30: *Hy moet meer word, en ek minder.* Of in die woorde van Paulus in Galasiërs 2:19-20: *… ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe.*

Dít is die kruks van Lydenstyd en vas: 'n Vernuwingsproses waarin ons loskom van onsself en al hoe meer op die Here Jesus fokus, aan Hom vasgryp, sodat ons soos Hy kan word; waarin ons onsself aflê, sodat ons die nuwe mens in Christus kan word. Paulus beskryf dit goed in Kol 2:6-7: Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle *in verbondenheid met Hom* lewe, *in Hom gewortel en op Hom gebou*, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul.

Die Heidelbergse Kategismus noem dit *bekering* (HK Vraag 88-90):

**Vraag 88:** Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?
**Antwoord:** Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens.

**Vraag 89:** Wat is die afsterwing van die ou mens?
**Antwoord:** Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom ook hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug.

**Vraag 90:** Wat is die opstanding van die nuwe mens?
**Antwoord:** Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus en 'n lus en 'n liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe.
Mag jou innerlike reis vernuwend wees!

Geseënde Lydenstyd.

# Die kerkraad droom opwindende drome vir 2020

**RADIKALE CHRISTENSKAP.** Dit is ons slagspreuk vir **2020**. Ons gaan mettertyd hierdie slagspreuk ontrafel aan die hand van die volgende 4 subtemas:

1. Radikale Leefstyl
2. Radikale Offervaardigheid
3. Radikale Self-offer
4. Radikale Gehoorsaamheid

Dit behoort die grondslag van al ons gemeentelike aktiwiteite te vorm. Net so vorm die roeping van ons gemeente, naamlik ***God roep ons. God stuur ons*** die grondslag van die kerkraad se beplanning.

Gerjo-Ben van der Merwe som dit so mooi op in 'n onlangse artikel van *Kruispad*:

*Dit is ook belangrik dat ons die waarheid in die regte vorm giet as ons dit na ons medegelowiges neem. Ons kan nie maar net aan ploeter op die ou manier van doen en hoop dat God die mense sal bring om Sy Woord te hoor nie.*

*Ons almal moet weer laag en lank voor God gaan buig om seker te maak dat ons binne Sy wil lewe. So maklik verander waarhede in tradisie en word tradisie aanbid en nie die waarheid nie. Sonder dat die kerk dit weet, verander haar doel en daarmee saam haar rigting.*

*Daarom is dit kardinaal dat alle geloofsgemeenskappe gedurig uit die resies sal klim en seker maak of hulle nog in die regte rigting hardloop met die korrekte doel voor oë.*

*Daarom hierdie vers:* ***5 Maar jy moet nie dieselfde fout maak nie. Bly wakker en hou altyd kop. As dit jou in die moeilikheid bring, moenie bang word nie, maar hou aan om ander mense van God te vertel, want dit is jou werk. (2 Tim 4:5)***

*So maklik kan ons beweeg na die plek waar dit vir ons lekker is en waar daar nie te veel van my verwag word nie. Maar is dit die plek waar God wil hê jy moet jou talente in aksie sit? Is dit die plek wat God vir jou in gedagte het?*

*Onthou: die kerk is nie eerstens wat jy kan kry of wat jy ervaar nie, maar is eerder die plek waar jy jou gawes in werking kan stel. Jy gaan dus nie om iets te kry nie, maar om iets te gee, om iets te doen. Dit is nogal anders as waaraan ons gewoond is, nè!*

*Daarom moet jy wakker bly en nie aan die slaap gesus word nie. Maak seker jy is op die regte plek en besig om met jou talente God se wil te doen.*

Ons gaan in ons beplanning veral fokus op

- die rol van die *gemeenteleiers* en
- die praktiese betekenis van *dissipelskap*.

Dit is duidelik dat die leiers van die gemeente oor bepaalde vaardighede moet beskik ten einde God se ideaal vir die gemeente te help verwesenlik. Die vraag is of die leiers genoegsaam toegerus en bemagtig is om hulle rol in dié verband te vervul. **Die sleutelvraag wat beantwoord moet word is of die leierskap gereed is om die finale kopskuif vanaf *instandhouding* na *gestuurdheid* te maak.**

Ons het gedurende ons eerste beplanningsessie op 11 en 12 Januarie breedvoerig oor die eienskappe van die huidige leierskorps nagedink. **En ons het tot die oortuiging gekom dat die kerkraad meer moet doen en minder moet praat.** Die kerkraad het hierdie uitdaging aanvaar en wil graag die gemeente uitnooi om die pad saam met ons te stap. Raak asseblief betrokke en neem die vrymoedigheid om met ons te gesels oor nuwe idees en aksies om seker te maak ons verloor nie fokus nie.

**Ons hoop en bid dat 2020 in elke sin van die woord 'n DOEN-JAAR sal wees.**

# Leer die kerkraad beter ken



**Thea Diedericks**

Thea is voorsitter van die Kerkraad en lid van die Dagbestuur. Sy is ook lid van die Diensverhoudinge kommissie, die Jeugkommissie en 'n kleingroep. Sy was ook vir 8 jaar 'n jeugherder. Thea is getroud met Chris en het 'n seun, Christian. Sy vertrou haar sesde sintuig en probeer altyd die positiewe in 'n negatiewe situasie raaksien.

082 783 4394 thea@sabelco.co.za



**Ian Engelbrecht**

Ian is ondervoorsitter van die Kerkraad en ook lid van die Dagbestuur, die Eredienskommissie en koördineerder van kleingroepe in die gemeente. Kontak hom gerus indien jy 'n behoefte het om by 'n kleingroep (omgeegroep) betrokke te raak. Ian is getroud met Helieta en het 2 seuns, Tian en Janco. Hy glo in die rustigheid en kalmte van die weskus-seelug: Die beste medisyne vir 'n besige gemoed!

082 896 9006 ian@travel.co.za



**Ds. Francois Herselman**

Francois het grootgeword in Beaufort Wes in die Karoo. Hy is die jongste van vier kinders en wou as kind 'n veearts word, maar is in sy Matriekjaar geroep om Teologie te studeer. Sy passie in die gemeente is om mense te bemagtig sodat hulle God se roeping vir hul lewe kan ontdek en vanuit Sy volheid kan leef. Hy kry energie as iemand nuwe moontlikhede kan raaksien en daarin kan groei. Francois glo dat God elkeen van ons in Panorama geplaas het sodat Hy verheerlik kan word en om 'n radikale verskil te maak, en wil graag hieraan meewerk.

081 270 3226 dsfrancois@outlook.com



**Dr. Andrie Kilian**

Volgens Andrie is hy waarskynlik die oudste lid op die kerkraad, maar volgens ander weer geestelik beslis van die jongstes. Hy is al die afgelope 30 jaar hier rond en glo dat Panorama-gemeente sy lewe verander het. Hy is die Here ewig dankbaar daarvoor. Andrie is ook lid van die Dagbestuur en sy verantwoordelikheid op die Kerkraad is om die leierskap te help met beplanning en visionering. Hy hou van alles!

083 444 9470 anmar1@vodamail.co.za



**Johan Fourie**

Voor die huidige voorsitter was Johan vir 5 jaar onafgebroke voorsitter van die Kerkraad. Tans dien hy ook in die Dagbestuur. Johan is 'n praktiserende prokureur en deel gereeld sy kennis om 'n positiewe bydrae te lewer tot die bestuur van die Gemeente. Hy stel ook belang in die Kerkreg, gemeenskapsbetrokkenheid en die hantering van sensitiewe sake. Johan is getroud met Sandy en hulle is al vir ongeveer 40 jaar lidmate van die gemeente. Hulle het twee dogters wat in Engeland woon en een kleindogter. Hy beoefen tennis as sport.

082 807 2864 fourie@fbv.co.za



**Stefan Fourie**

Die jeug is 'n belangrike fokuspunt in die gemeente en daarom is dit ook Stefan se primêre fokus. Stefan het in die Vrystaat grootgeword en het 5 broers en susters. Hy hou van mense, bergklim en om buite te wees. Direk na skool het Stefan deel geword van 'n Sending organisasie en het reeds baie sendingwerk in ander lande gedoen. Verder studeer hy Teologie en het in Januarie 2016 by ons gemeente ingeskakel.

076 608 6405 ppjeug@gmail.com



**Louise Stevens**

Louise is getroud met Leslie Stevens. Hulle het 3 pragtige kinders, Leslie (15) Shaun-Louis (13) en Judy (11). Hulle hou van die buitelewe en gaan kamp graag. Gunstelingplekke is enige iets naby die see. (As hulle by die see kan wees, is hulle as gesin op hulle gelukkigste). Dit gee aan hulle so 'n bietjie van God se wonderlike werke: Sy grootheid, kragtigheid, onvoorspelbaarheid so ver soos die oog kan sien. Louise is ook lid van die Jeugkommissie.

083 383 1077 louise@iapro.co.za



**Mari Watson**

Mari is al 27 jaar lidmaat van die gemeente en 'n aktiewe lid van die Diensgetuieniskommissie. Dié kommissie se doel is om uitreikaksies en -bedieninge te identifiseer en die gemeentelede te motiveer om betrokke te raak. Haar hart is en was nog altyd op sending gefokus. Haar passie is die uitreik na Moslems en evangelisasiewerk onder Moslems. Sy reik ook graag uit in lande waar daar oorwegend Moslems woonagtig is. Vir Mari is gebed van kardinale belang en 'n opdrag van God en daarom ondersteun sy ook die Jerigo Mure Gebedsaksies.

082 558 2855 wft@telkomsa.net



**Kotzé van Wyk**

Kotzé is al vanaf 1998 in die gemeente en vanaf 2004 ononderbroke op die Kerkraad, 'n wyksleier en aktief betrokke by kerkaktiewiteite. Sy doelwit in die lewe is om goed te doen aan ander, om te werk terwyl jy kan en ook spesifiek vir die kerk en deur die kerk ander te dien. Kotzé is tans die voorsitter van die Fondse-komitee en help om fondse vir die kerk en behoeftige instansies in te bring. Hy het ook alreeds 100 keer bloed geskenk en daardeur 300 lewens gered! Sy leuse is: "Dis nooit te laat nie.".

082 579 0618 kotze@orionlogistics.co.za



**Herman Engelbrecht**

Herman is 'n onderwyser by die Hoërskool Bellville. Hy is ongeveer al 34 jaar in die omgewing en lidmaat van die gemeente. Herman dien nou vir die tweede keer op die Kerkraad en is opgewonde oor die positiewe gees in ons gemeente.

083 658 3353

elmine.engelbrecht@gmail.com



**Dalene Celliers**

Dalene het in Panorama grootgeword en is so geseënd om al vir 40 jaar gelukkig in die gemeente te woon. Dalene en haar familie was nog altyd aktief betrokke – sy het vir 15 jaar ononderbroke 'n Bybelskoolklas gehad en jaar na jaar 'n pad saam met tieners en predikante in die gemeente gestap. Dalene is getroud met Pieter (wat ook al op die Kerkraad gedien het) en is die afgelope 5 jaar deel van die Kerkraad en lid van die Fondsekomitee. Sy is lief vir die Here, 'n positiewe mens met 'n passie om mense te dien en die mooi dinge in die lewe. Sy nooi enige iemand wat graag by 'n kleingroep betrokke wil raak, om met haar kontak te maak.

082 926 3040 dcellier@mweb.co.za



**Seyffert Fourie**

Seyffert is voorsitter van die Eiendomskommissie. Hy hou van lekker lag en kuier. Hy is mal oor musiek en 'n ewige opportunis. Jesus is sy beste vriend. Seyffert is getroud met Vilande en het twee kinders.

061 998 0808 seyffvil@gmail.com

# So lyk ons gemeente

Ons het 'n luisterspan opgelei wat met 'n wetenskaplik saamgestelde steekproef (groep) van lidmate oor ons gemeente gaan gesels het. Daar is agt vrae aan hulle gestel. Die kommentaar was baie insiggewend. Ons gaan in die volgende vier uitgawes van *Quattro* elke keer die kommentaar op twee van die vrae weergee.

Die respondente is gevra om ons gemeente te beskryf in terme van *sterk punte en swak punte*. Die Leesspan van Communitas het die antwoorde in verslagvorm verwerk en ook 'n aantal *besprekingspunte* (vrae) geformuleer.

Wat die sterk punte betref, is daar volgens die respondente 'n "aangename atmosfeer" in die gemeente. Mense voel welkom. Die feit dat die preekstoel nie gebruik word nie het 'n positiewe invloed op die atmosfeer. Die positiewe leierskapsrol van ds Francois en Stefan is van groot waarde. Net so het Francois se preek- en spreekstyl 'n positiewe impak op die gemeente. Die rol wat Stefan speel, het tot gevolg dat die getalle van die kinders en jongmense groei.

Daar is 'n gevoel "van samehorigheid onder gemeentelede onder leiding van die kerkraad en die predikante". Die uitwerking van uitreike (soos MES) en ander projekte vir jonk en oud het 'n gunstige uitwerking op lidmate se belewenis van die gemeente.

Die tweede vraag was 'n versoek dat die respondente kommentaar moet lewer op die hulp wat hulle van die kant van die gemeente ontvang het om die praktiese betekenis van *dissipelskap* te verstaan.

Volgens hulle word dissipelskap geassosieer met betrokkenheid by mense en projekte, lering, kerkbywoning, voorlewingspatrone en mentorskap. Die gemeente help lidmate op verskeie maniere met die ontwikkeling van dissipelskap.

Wat moontlike swak punte tov die beskrywing van die gemeente betref, is daar volgens sommige 'n stywe atmosfeer tussen ouer mense en jonger mense. Veral tydens die optrede van die Jeugwerker gedurende kindertyd. Net so kan die die tradisionele en konserwatiewe karakter van die gemeente tesame met die invloed van die senior lidmate 'n destruktiewe uitwerking op die kultuur van die gemeente uit-oefen.

Daar kan ook meer gedoen word om kinders in Bybelskoolklasse te stimuleer. Die moederskamer is 'n "donker gat" en die klank en beligting is swak.

In hulle kommentaar tov die praktiese hulp wat hulle ivm die verstaan van dissipelskap ontvang, het van die respondente die vraag gevra of mense ons as christene raaksien en/of hulle Christus in ons as dissipels raaksien.

Die Leesspan van Communitas het nav die kommentaar hierbo in hulle Kultuurverslag onder meer die volgende vrae gestel. Kyk gerus daarna. En besluit hoe jy dit sal beantwoord.

- Hoe sal ons die eiesoortige karakter van ons gemeente beskryf?
- Wat is God se roeping vir ons gemeente? En wat is die ware doel van ons kerk-wees?
- Waar sien ons die handelinge van God raak in die positiewe skuiwe (atmosfeer) wat plaasgevind het?
- Het ons 'n visie wat ons kan help om te bou aan eenheid-in-diversiteit?
- Hoe groot is die gevaar van eksklusiwiteit ipv inklusiwiteit?
- Hoe kan ons meer diversiteit in ons gemeente bewerkstellig?
- Is ons visie (roeping) helder en duidelik genoeg om ons te help om daadwerklik grense oor te steek?
- Wat doen ons in die praktyk om mense welkom te laat voel in ons gemeente? Wat kan ons nog doen?
- Demonstreer ons gasvryheid genoegsaam 'n verwelkomende gemeentekultuur?
- Hoe en waar kan ons mense ontdek wat dit beteken om 'n dissipel te wees?
- Slaag ons daarin om lidmate te bemagtig om self uitreikaksies van diensbetoon te inisieer?

- Beskik ons oor die vermoë om lidmate toe te rus om 24/7 disippels te wees?
- Ons gemeente beskik oor die gawe om ‘n “warm omgee gemeenskap te skep”. Die uitdagende vraag is: Hoe kan ons dié gawe omskep in ‘n missionale bate deur praktiese maniere te vind om in ‘n ongenaakbare wêreld oor grense heen uit te reik en hulp te verleen aan mense?
- Dissipelvorming is die kerntaak van die kerk. Ons bestee klaarblyklik baie tyd en energie daaraan. Kleingroepe is die ideale ruimte om mense te vorm om Jesus te volg. Rig ons die byeenkomste so in dat lidmate hulle roeping as gestuurdes verstaan en toepaslike geloofsgewoontes aanleer?
- Ons wil ‘n uitreikkultuur in die gemeente vestig. Bestaan daar geleenthede vir lidmate om hulle uitreik-stories met mekaar te deel?

Hier is beslis genoeg stof tot nadenke …

**<u>Andrie</u>**

# So lyk ons gemeenskap

God is aktief in die wêreld besig. Hy nooi ons om by Sy sending in die wêreld betrokke te raak. Hy roep en stuur ons om Sy vrede binne ons gemeenskap te verkondig. Ten einde ons *roeping en rol* as gemeente effektief te kan vervul, moet ons die uitdagings van die gemeenskappe van Panorama, Plattekloof en Welgelegen ken en verstaan.

'n Projekspan bestaande uit 6 lede is saamgestel om vas te stel hoe die breër gemeenskap daar uitsien. En was ons verbasing groot oor die uitkoms van die ondersoek! Die opdrag van die projekspan was om die kategorieë van nood te identifiseer en te beskryf aan die hand van Matt. 25:31-46.

Die volgende kategorieë is geïdentifiseer:

- Primêre armoede
- Randfigure
- Sekondêre armoede
- Gesondheidsnood
- Misdaad

Organisasies en instansies wat direk en/of indirek by die genoemde kategorieë in ons gemeenskappe betrokke is, is geïdentifiseer aan die hand van die vraag: "Wie het inligting oor die nood in die gemeenskap?"

Ons het die volgende instansies en organisasies geïdentifiseer:

- Corpus Christi (AGS)
- Christ Church Tygerberg
- NGK Parow-Welgelegen
- Panorama Moskee
- Badisa Tygerberg
- Laerskool Panorama
- Panorama Medikliniek
- Parow Munisipaliteit
- SAPD Parow
- PWP buurtwag
- Northlink College
- DA raadslid Me Cheryl Visser

Elke spanlid was verantwoordelik vir hoogstens twee van die kategorieë. Hulle moes aan die hand van 'n vraelys met minstens een verteenwoordiger van die geïdentifiseerde organisasies onderhoude voer. En tegelykertyd vasstel of daar ander rolspelers is wat ook by die spesifieke kategorie betrokke is.

**Misdaad**

Ons fokus in hierdie artikel op misdaad.

Daar is sowat 5000 huishoudings in Panorama, Welgelegen en Plattekloof. Heelwat Moslem- en Chinese persone het oor die laaste 20 jaar ingetrek het. Moslems verkies om as uitgebreide gesinne in een huis te bly. Mense van Oosterse afkoms word betrek by perlemoen- en dwelmmisdaad, asook bordele. Plattekloof is bekend daarvoor dat berugte bendeleiers wat hul besighede van hul wonings af bedryf daar woon. Selfs die polisie is bang vir hulle en hul sekuriteitspersoneel.

Van die huurhuise in die area word vir kriminele doeleindes gebruik, soos sindikaat-diefstal (gewapende roof), dwelmbedrywighede, perlemoensmokkelaars. Daar is 'n huis in elk van die Plattekloof- en Welgelegen-areas wat as bordele gebruik word.

Daar is 'n probleem met ontheemdes (bergies, leeglêers en dwelmafhanklikes). Hulle is by hulle name bekend aan SAPS, PWP, Maatskaplike Dienste en die Eenheid van Ontheemdes. Hulle verdien genoeg geld by die verkeersligte sodat hulle nie hoef te werk nie. Sommige verdien tussen R300 en R500 per dag. Die vrouens met kinders (gewoonlik word die kinders gehuur) verdien self meer.

Groepe, soos dromkrappers, beweeg ook van elders in die areas in. Dit sluit die karretjie-mense en ander leeglêers in wat tussen areas beweeg om rommel en herwinningsmateriaal op te laai.

Dwelmtransaksies vind by sommmige huurhuise en in ons parkies plaas; ook die een oorkant die kerk.

Van die randfigure is armes wat in huise saamwoon omdat hulle dit nie meer by Panorama Palms of Fontaine Bleau kan bekostig nie. Meer sulke huise is nodig.

Die omvang is veel groter in ander areas van die Wes-Kaap, maar groei toenemend in ons gebied. Daar is gemiddeld elke maand tussen 2 en 5 inbrake en dubbel soveel pogings tot inbrake.
Panorama en Welgelegen het minder misdaad as Plattekloof. Die groter Parow-area het die derde hoogste misdaadsyfer in die Wes-Kaap.

Die onderliggende oorsake van hierdie probleme is maatskaplik van aard. Armoede en die ekonomie speel 'n groot rol. Die Nasionale Regering is onwillig om te help. En ons het meer polisiëring nodig.

Moontlike oplossings is die installering van kameras by ingange en uitgange. En dan ook kommunikasie met die publiek om nie ongewenste karakters te lok na die areas op dromdag en die uitdeel van kos, klere en geld nie.

Daar is tans 13 LPR kameras by alle ingange na Panorama, Welgelegen en Kleinbosch geïnstalleer. Nog nie alle uitgange is gedek nie. Slegs een ingang na Plattekloof het 'n kamera. Die rede hoekom daar nie meer kameras is nie, is omdat die inwoners dit self moet finansier @ R34 000 per kamera.
Die kameras is verbind met ander kamerastelsels in die Wes-Kaap. Daar word gereeld openbare vergaderings gehou om die publiek in te lig. Daar is goeie samewerking tussen die SAPD, privaat sekuriteitsmaatskappye en ambulansdienste.

Die groot vraag is: Is die veranderende omstandighede in ons gemeenskappe vir ons 'n bedreiging of 'n uitdaging? Natuurlik laasgenoemde!

Andrie

# Legitimasie

Legitimasie: Proponent Stefan Fourie

2 Maart 2020 was vir my 'n ongelooflike dag. Ek is tydens 'n spesiale geleentheid in Stellenbosch (Moedergemeente) gelegitimeer as Diensleraar in die NG Kerk. Hiermee is ek vaardig bevind in Prediking en Erediensleiding en voldoen dan ook aan die vereistes vir toelating tot die diens van die Woord soos neergelê deur die Algemene Sinode van die NG Kerk. Tydens die geleentheid is ek ook dan beroepbaar verklaar spesifiek met die fokus op Jeug- en Familiebediening.

Ek het nog altyd 'n passie en die visie gehad om my MTh in teologie te behaal en is steeds besig met verdere teologiese studies. Dit is soms 'n uitdaging om voltyds te werk en steeds toegewyd te studeer, maar ek kan werklik net van die Here se genade hierin getuig.



## Wat is 'n Diensleraar?

'n Diensleraar is iemand wat voldoen aan 'n BTh Honneurs (4-jaar teologiese graad), en ook die nodige kursus en voorbereiding in prediking afgehandel het. So 'n persoon word dan deur die kuratorium van die NG Kerk ondersoek en indien aan al die vereistes voldoen is, gelegitimeer om die Woord te bedien. Dit sluit die sakramente in soos die Doop en die Nagmaal. Die enigste beperkening van 'n Diensleraar is dat hy/sy nie alleen in 'n gemeente bevestig kan word nie, maar saam met 'n ander (reeds bevestigde) predikant in die gemeente moet werk.

Vir my persoonlik beteken dit dan dat ek steeds my roeping om in die bediening te staan ten volle kan uitleef terwyl ek studeer maar nou met die nodige bevestiging en seën van die groter kerk-liggaam. Dit beteken ook dat ek beroepbaar is na enige ander NG gemeente is, maar as dit die Here se wil is, sal ek graag Panorama my familie wil bly noem.

Ek wil regtig ook my dankbaarheid uitspreek aan elkeen wat my by die geleentheid ondersteun het, vir my gebid het en steeds doen en ook moeite doen om in my lewe te belê. Dankie ook aan die kerkraad wat my tegemoetkom tydens hierdie reis.

Stefan Fourie



